

## **Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (wat omstreeks 2016 verskyn)**

### **Waar is die grys gebied?**

1. Sommige mense het die volgende beskouing: Enkele gedeeltes in die Ou Testament is beslis Messiaans en daar moet hoofletters gebruik word, byvoorbeeld in Jesaja 53. Dan is daar 'n grys gebied waar jy kan besluit of gedeeltes duidelik genoeg Messiaans is of nie, en of hoofletters dus gebruik gaan word of nie.

Die volgende word egter aanbeveel:

Die gedeeltes in die Ou Testament waar hoofletters gebruik word in die 1953-Vertaling behoort as die minimum-vereiste beskou te word. Eers daarna begin die grys gebied. Daarvandaan behoort besluit te word waar nog meer hoofletters gebruik gaan word. Dus behoort in die 2016-Vertaling meer hoofletters gebruik te word as in die 1953-Vertaling.

As vertalings soos byvoorbeeld die New King James Version, die New American Standard Bible, die Amplified Bible en The Scriptures ('n Bybelvertaling van die Messiaanse Jode) vergelyk word, besef jy dat in hierdie vertalings op baie meer plekke hoofletters gebruik word as in ons 1953-Vertaling.

2. Die Heilige Gees se Name, naamlik "Gees" en "Heilige Gees", behoort deurgaans met hoofletters geskryf te word – anders as in die Proefvertaling (uitgawe van 2008) se vertaling van Genesis 1:2, naamlik: "En die gees van God was aan die sweef oor die water." Dit is die Drie-enige God wat die skepping daargestel het.
3. Die woord "Naam" as aanduiding van die Naam van God, behoort ook deurgaans met 'n hoofletter geskryf te word – anders as in die Proefvertaling se vertaling van Deuteronomium 5:11, naamlik: "Jy mag nie die naam van die HERE jou God misbruik nie."

Die bogenoemde behoort deur alle Afrikaanse kerke as vereistes gestel te word.

### [Voeg in by Voorlegging, punt 7.3](#)

*Nota:* Juis uit die argument dat die Bybel 'n samevoeging van volksverhale is, word dit duidelik dat hierdie teologie sy oorsprong in die Rooms Katolieke Kerk het. Die denkwysie dat die Bybel die produk van volksverhale is, bestaan al eeue lank in die Rooms Katolieke Kerk. Deur die loop van ongeveer 1600 jaar (ongeveer 350 - 1965 nC) is in die Rooms Katolieke Kerk die Bybel van die volksmassas weerhou. Die gevolg was dat talle verhale opgedis is om die Bybel te probeer verklaar en om ook eie denkbeelde in die kerk gestalte te laat kry. So byvoorbeeld is die skeppingsverhaal beskou as die sameflansing van ou tradisies (verhale) van die destydse (primitiewe) mense. 'n Verdere stap in hierdie denkwysie is dat hierdie ou primitiewe mense nog nie van Jesus en die Heilige Gees geweet het nie en dus nie van hulle kon praat nie, en daarom kan die Ou Testament niks oor hulle sê nie. So is ook die Evangelie met heidense godeverhale vermeng. Hieruit is byvoorbeeld die Mariaverering te verklaar, wat die produk is van die volksverhale van oningeligte mense.

Sedert die Rooms Katolieke Kerk by Bybelvertaling betrokke geraak het (dus sedert 1965) het hierdie teologie geleidelik in baie Protestantse kerke se teologie begin inkom. Dit beïnvloed tans ook grootliks ons Afrikaanse Bybelvertalings.